## (I) Aktiwiteit



Hierdie foto van die aarde is uit die ruimte geneem.

1. Teken die kompastekening oor.
2. Kyk na hierdie foto en die kaart op bladsye 34. Vind Suid-Afrika, Egipte en Kenia op die kaart sowel as op die foto.
3. Kies die korrekte woord tussen hakies om die sinne te voltooi.
   a) Suid-Afrika is in die (noorde/suide) en Egipte is in die (noorde/suide).
   b) Kenia is in die (ooste/weste).

Jy kan ook rigting uitwerk met behulp van die son en skaduwees. Die son kom op in die ooste en sak in die weste. In die middel van die dag met etenstyd is die son op sy hoogste. In Suid-Afrika is die son ook in die noordelike gedeelte van die lug gedurende die dag. Dit beteken jy kan skaduwees gebruik om uit te werk waar noord is.

## (P) Aktiwiteit

Jy sal die volgende nodig hê: 4 klippe met rigtings (N, S, O of W) daarop geskryf.

1. Gaan op 'n sonnige dag tussen 12 nm. en 1 nm. buitentoe. Die tyd van die dag is belangrik.
   - Staan met jou rug na die son. Die son is in die noorde en skyn op jou rug.
   - Jou maat moet die klip wat met S gemerk is op die grond neersit, daar waar die skaduwee van jou kop is. Dit merk waar suid is.
   - Die klip met die N op kom dan by jou voete. Dit merk waar noord is.
   - Probeer uitwerk waar julle die oosklip en die wesklip moet neersit.
   - Neem beurte om in die middel van die menslike kompas te staan. Draai om en kyk in die vier verskillende rigtings. Sê hardop: "Wanneer ek ________ kyk, sien ek __________."

